
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God. Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

OORWINLIKE REUSE

Ons lees in die wonderlike verslag van Josua en Kaleb, (Josua 14:6-15 – lees die hele gedeelte) Kaleb se woorde van geloof in vers 12: **Gee my dan nou hierdie bergland waarvan die Here daardie dag gespreek het; want u self het die dag gehoor dat daar Enakiete is en groot versterkte stede, miskien sal die Here met my wees, sodat ek hulle kan verdrywe, soos die Here gespreek het.**

Die Bybelgeskiedenis waarvan die voorafgaande deel vorm gaan oor die Israeliete se aankoms in Kanaan, nadat hulle 40 jaar in die woestyn rondgeswerf het. Hulle is besig om die Beloofde Land in besit te neem en die Kananiete te verdryf. Ons tref hier vir Kaleb aan, 'n 85-jarige man met 'n begeerte in sy hart om DIT IN BESIT TE NEEM WAT REGMATIG AAN HOM BEHOORT.

Vir ongeveer 5 jaar het Israel in Kanaan veldtogte onderneem om die landstreek te oorweldig, en die tyd het aangebreek om hierdie Land van Belofte en Erfenis te verdeel onder die verskillende stamme, gesinshoofde en families totdat elke persoon die stuk land het wat Moses reeds afgemerk het, etlike jare tevore.

Ons onthou vir Kaleb as een van die 12 verspieders wat ongeveer 45 jaar gelede die land Kanaan gaan verspied het vir die volk van Israel, en dat dit slegs hy en Josua was wat met 'n positiewe, moedige verslag teruggekom het oor wat hulle daar aangetref het. Die ander 10 verspieders was vol vrees en twyfel en het vertel van die "onoorwinlike REUSE" wat in die land gewoon het. Toe was Kaleb 40 jaar oud – nou is hy 85 jaar ou, maar hy is nog vasbeslote om te neem wat Moses destyds aan hom belowe het, en hy sê die volgende: … die Here het my laat lewe, soos Hy gespreek het, sou al vyf-en-veertig jaar sedert die Here hierdie woord met Moses gespreek het toe Israel in die woestyn getrek het, en kyk nou, ek is vandag 85 jaar oud; Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het … GEE MY DAN NOU HIERDIE BERGLAND waarvan die here daardie dag gespreek het …

Hoe kan JY die BERG neem wat daar in jou lewe is? Kom ons gebruik Kaleb vandag as voorbeeld en sien watter plan die Here ook vir JOU en my lewens het om te oorwin. Ons was al geleer hoe om die BERG te skuif deur die gelowige



"Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg Sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar GLO dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.

Markus 11:23"

belydenis van ons mond, volgens **Markus 11:23: Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg Sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar GLO dat wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê.**

Maar ons gaan hierdie BERG nie probeer skuif nie, maar dit INNEEM, OORWELDIG ons gaan die REUSE wat dit beset, verdryf. Dis wat Kaleb gedoen het, want dit was hierdie reuse, die seuns van Enak, wat soveel vrees in die Israeliete se harte gewek het. Die 10 verspieders van destyds het teruggekom met die volgende verslag: **Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning … Maar die volk wat in die land woon, is sterk … Ons het daar ook die reuse gesien, die kinders van Enak, van die reuse afkomstig; en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë. (Num. 13)**

Nou het Kaleb teruggekom na baie jare, en hy het die reuse verdryf en SY ERFENIS IN BESIT GENEEM. Dit lyk asof Kaleb dan ook die enigste een is van al die stamme en families van Israel wat daarin slaag om die reuse heeltemal te verdryf en sy erfenis ten volle in besit te neem. Dit lyk of die ander stamme gedeeltes van hulle erfenis in besit geneem het en party van die vyand verjaag het, maar andersins het hulle maar so saam-saam gewoon. As voorbeeld, kyk na **Jos. 15:63: Maar die kinders van Juda kon die Jebusiete, die inwoners van Jerusalem, nie verdryf nie; daarom het die Jebusiete saam met die kinders van Juda in Jerusalem bly woon tot vandag toe.** Kyk ook na Jos. 16:10, Jos. 17:12 en Jos. 18:3. Die Israeliete het saam met die Kananiete gewoon, maar hulle moes belasting betaal aan die Israeliete. Kaleb het egter die vesting van die vyand NEERGEWERP en sy erfenis IN BESIT GENEEM, en dis presies wat die Here verlang wat JY en ek moet doen. As Kaleb dit kon regkry, waarom nie JY nie?!

(Vervolg op Bl. 2)

(vervolg vanaf Bl. 1 - Oorwinlike reuse)

Let op watter soort landstreek Kaleb gekies het om in besit te neem – dit was nie 'n *maklike* stuk land om in besit te neem nie! Ons lees dat hy Hebron wou gehad het: die BERGLAND! Toe hy 40 jaar oud was en hy saam met die verspieders Kanaan binnegedring het, het hy die bergland met die reuse inwoners gesien, en dit het sy hart gesteel. Hierdie bergland van Hebron was die sterkste vesting wat die reuse destyds gehad het. Vir Israel was dit ook 'n besondere betekenisvolle plek want dit was hier waar Vader Abraham sy tent opgeslaan het en die beloftes van God oor die land Kanaan ontvang het. Die Here het aan Abraham daardie land belowe – sover as sy oog kon sien. By Hebron het Abraham sy tent opgeslaan, 'n altaar gebou en God aanbid. Dit was 'n plek waar God Abraham ontmoet het en met hom 'n verbond gesluit het vir die volk van Israel: daar het God en Abraham saam verkeer. Maar die vyand het Israel daar weggehou, net soos die vyand sal probeer om JOU weg te hou van jou erfenis, van jou gemeenskap met die Here. Die vyand sal sy beste probeer om jou teë te gaan – dis daar waar die stryd die hewigste sal wees!

Dit mag miskien juis ook JOU berg wees: daardie plek van volgehoue gemeenskap met God – die hoë plekke. In Kanaan was dit net só: die vyand het van die vlaktes prys gegee, en van die valleie, maar nie die berge nie, nie die hoë plekke nie. So kry 'n mens oor baie daardie reuse verdryf!

Só het elkeen 'n BERG – 'n probleem op 'n ander gebied en net soos die BERG HEBRON voor kaleb gelê het, só lê jou berg voor jou. Maar, Moses het Hebron aan Kaleb belowe, daarom HET DIT AAN HOM BEHOORT! Net só het God gesondheid, genesing, voorspoed, vreugde, moedigheid aan jou belowe, daarom BEHOORT DIT AAN JOU! Al hierdie dinge is in God se Woord aan jou belowe, daarom is hulle jou regmatige erfenis! En soos 'n Kaleb van ouds het die tyd aangebreek om IN TE GAAN en VASBESLOTE die vyand te verdryf, en DIE BERG IN BESIT TE NEEM.

Let daarop dat Kaleb 'n BAIE STERK BEGEERTE gehad het vir die berg Hebron. Hy het dit gesien en begeer vir 45 jaar lank. Vir 40 jaar moes hy saam met die Israeliete in die woestyn rondswerf, maar daardie berg was steeds 'n STERK BEGEERTE in sy hart en in sy gedagtes: hy het NOOIT hierdie begeerte prysgegee dwarsdeur die 45 jaar nie! Ek weet egter dat juis hierdie een van die redes is waarom baie van God se kinders nie die beloftes van God in besit neem nie; waarom dit nie vir hulle 'n lewende werklikheid in hulle lewens word nie. Dis omdat hulle dikwels NIE 'n IN – TENSE BEGEERTE HET NIE. O ja, hulle dra kennis daarvan: jy het al lysies van God se beloftes gemaak en dit van buite geleer, want jy weet dit is jou erfenis. Maar is daar 'n INTENSE BEGEERTE by jou daarna? Is daar by jou 'n INTENSE VASBESLOTENHEID wat sê: kom met daardie STERK BEGEERTE, het hulle ontvang dit waarvoor hulle gevra het – miskien toe, miskien later, MAAR HULLE ONTVANG! Dis die wet van God se Woord! Baie keer het ons nie daardie INTENSE BEGEERTE nie. Nee, ons het 'n "plan A" en 'n "plan B", en nou maak ons soos volg: "Here, ek het R1000 dringend nodig" Dis ons behoefte. Ons bely ons geloof, herhaal al die Skrifbeloftes oor voorsiening, en kom al die formules na wat ons geleer het. Dis "plan A". "Maar Here, U weet ek het daardie geld voor die einde van die maand nodig. As U dit nie vir my teen daardie tyd laat kry nie, kan ek darem nog van die oortrokke-rekening fasiliteite by die bank gebruik maak." Dis "plan B."

Ek sien hier bitter min van 'n INTENSE BEGEERTE of 'n VOLHARDENDE VASBESLOTENHEID om die vyand te verdryf en die berg in besit te neem!

Nog 'n voorbeeld: "Ek sal maar gaan vir gebed vir hierdie aanhoudende pyn in my bene. Word ek nie genees nie kan ek altyd dokter tog gaan." Plan A en plan B.

Daar is niks verkeer met 'n besoek aan die dokter nie, maar daar is geen INTENSE BEGEERTE OF DESPERAATHEID in ons harte as ons kom om van God die waarmaking van Sy Beloftes te ontvang nie. Kaleb het daardie BEGEERTE gehad, daarom kon hy die berg in besit neem. Sy gesindheid was: Al moet ek 45 jaar wag, ek gaan Hebron kry!

Kaleb het 'n onwankelbare geloof in

> **"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat HULLE KRAGTIG INSPAN, kry dit in besit. Matt. 11:12"**

areas in jou lewe oorwinning: jy verdryf satan en sy trawante en jou kleiner probleme is opgelos. Maar wat van daardie GROOT SAKE – die berge? Dis van hulle wat ons praat: hulle moet IN BESIT GENEEM WORD – die vyand moet daaruit verdryf word.

Miskien is die BERG in JOU lewe wat jy moet in besit neem, die BERG VAN GENESING EN GESONDHEID. Jy is al vir baie jare siek en dit het tyd geword dat jy daardie berg *in neem!* Vandag staan daardie berg van genesing steeds voor jou soos 'n GROOT UITDAGING – en die presies wat dit is: 'n uitdaging vir JOU GELOOF! Jy ken die beloftes van God, jy weet wat die Woord van God sê, maar om een of ander rede het dit nog nooit vir jou 'n werklikheid in jou lewe geword nie.

Miskien in JOU BERG die een VAN VOORSPOED. Jy is al jare 'n gevangene van finansiële probleme en daarom is dit nodig dat jy daardie berg in besit neem. Miskien het JY 'n BERG VAN VREDE: jou gemoed word aangeval deur angs en bekommernis en dit is nodig dat jy die VREDE VAN GOD in besit neem. God het mos vir jou daardie vrede belowe en jy moet dit in besit neem! JY MOET JOU BERG IN BESIT NEEM! Miskien het jy nodig om die VREUGDE VAN DIE HERE in besit te neem: dit lê soos 'n BERG voor jou. Depressie en terneergedruktheid is elke dag jou voorland. Dit het tyd geword dat jy "Ek weet dit staan in God se Woord; ek weet dit behoort aan my en ek wil dit hê en ek gaan nie opgee voordat ek dit BESIT nie!"

Passiwiteit het 'n sterk houvas op menige van God se kinders, selfs in die kerk: as dit wat jy wil hê nie amper soort van NOU gebeur nie, gee jy moed op! "Dalk is dit nou net nie my deel nie. Miskien werk God maar iets anders uit in my lewe" – só redeneer ons dikwels. NEE! Kind van God: as dit in die Woord geskrywe staan, BEHOORT DIT AAN JOU, maar JY MOET DIT BEGEER!

Matt. 11:12: Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat HULLE KRAGTIG INSPAN, kry dit in besit.

Wie, volgens die voorafgemelde teksies, kry die hemelse koninkryk – die beloftes van God – in besit? Diegene wat hulle KRAGTIG INSPAN MET INTENSE BEGEERTE BEYSWER: Dis 'n gesindheid van "EK SAL NOOIT OPGEE NIE"! Dit maak nie saak hoe lank dit neem nie – al neem dit selfs 45 jaar – dit staan in die Woord van God en daarom BEHOORT DIT AAN MY!

Hoe dikwels kom mense nie na ons toe met die versoek dat ons vir hulle moet hande oplê en bid om iets aan hulle oor te dra. As daar nie dadelik plaasvind wat hulle verlang het nie, gaan hulle baie ontmoedig weg. Maar as hulle die beloftes van God gehad. Hy het geweet Kanaan was aan die Israeliete belowe en berg Hebron aan hom. Hy was van die begin af nie soos die 10 verspieders wat met sulke ontmoedigende verslae na Moses toe gekom het nie "Daar is volop, MAAR daars reuse …" Woorde soos *maar, miskien, as, nieteenstaande* – is só volop in baie mense se woordeskat. "Ek weet God se beloftes sluit genesing in, *maar as* …" Toe Josua en Kaleb teruggekom het van Kanaan af het hulle die volk probeer aanmoedig om God te glo en te vertrou: hulle het NA GOD GEKYK. Josua en Kaleb het die berge en reuse as baie klein gesien in vergelyking met God, alhoewel hulle nie gesê het dat hulle nie bestaan nie. Hulle maatstaf was God se krag, nie hulle eie nie. Hulle was gereed om op Hom te steun. Maar die 10 ander se maatstaf was hulle eie krag: hulle het 'n klein God gesien en groot reuse! Maar in vergelyking met God is alle reuse, en selfs berge, klein. En afgesien van die volk se murmureringe en ongeloof het Kaleb se geloof onwrikbaar gebly in die Woord van God wat aan hulle die land Kanaan en berg Hebron beloof het. Hy was ver in die minderheid, maar hy het die versoeking weerstaan om soos die massas te glo, wat eintlik ongeloof was.

Let op, almal was vol twyfel, verwarring. Hulle het seker onder mekaar gesê: "God het ons in die steek

(Vervolg op Bl. 4)

EnduringFaith

Some time ago our eldest daughter Deonne asked me to pray for the sister of one of the teachers who taught with her at school. She had been diagnosed with some rare viral disease which was causing organ failure. We prayed for her healing and two days later, Deonne phoned to say that the situation was really bad and that the patient was deteriorating rapidly. She was in complete organ failure and what should we do? I asked her if she was dead, and Deonne replied "No", then I said to her: "this is the very time to exercise our faith! Now is the time to believe God for her healing! We don't need faith once she is healed, it is right now, in the midst of what looks impossible to man, that we must have faith in our Heavenly Father, for all things are possible with Him! (Luke 1 verse 37) We agreed to trust God for the miraculous and within the hour her paralysed organs slowly began to function again, and within a day they were functioning normally! We praise our Living God for His faithfulness in responding to our prayer for this young woman who recovered completely and lives to give her testimony to anyone who will listen to her. The lesson we learnt was that "You don't need to have faith when things are going well and everything is rosy, it is when things look bleak and hopeless that our faith in God needs to come into action!" And what is more, we must declare the victory during that dark and difficult time.

I tell you this testimony to make the point that it is enduring faith that moves the Hand of God. Persistence takes effort and pleases our Heavenly Father. It's time for us to start believing God for the miraculous, for what seems to us impossible. What seemed impossible to me as a medical doctor, is possible with God. We read in Matt. 10:22 that he who endures to the end will be saved. Jesus was speaking to his disciples about the events that would take place in the end times and was encouraging them to stand firm in the adverse situations that would occur during the last days. In Luke 21:19, speaking of the same situation, Jesus adds, **"In your patience possess your souls."** Patience is sadly lacking in most believers, and is one of the most difficult characteristics to display. The Bible tells us over and over again that God is patient, and it is one of the fruit of the Holy Spirit listed in Gal. 5:22. We read in **James 1:2-4: My brethren, count it all joy when ye fall into divers temptations; Knowing this, that the trying of your faith worketh patience. But let patience have her perfect work, that ye may be perfect and entire, wanting nothing.**

This says to us that in the midst of trials our faith is being tested in order to produce patience which God, in His wisdom knows will perfect us. **"But let patience have its perfect work that you may be perfect and complete, lacking nothing.**

As we exercise faith with patience during all the trials of the enemy in these end times, God is able to perfect us. We read in **James 5:7-11: Be patient therefore, brethren, unto the coming of the Lord. Behold, the husbandman waiteth for the precious fruit of the earth, and hath long patience for it, until he receive the early and latter rain. Be ye also patient; stablish your hearts: for the coming of the Lord draweth nigh. Grudge not one against another, brethren, lest ye be condemned: behold, the judge standeth before the door. Take, my brethren, the prophets, who have spoken in the name of the Lord, for an example of suffering affliction, and of patience. Behold, we count them happy which endure. Ye have heard of the patience of Job, and have seen the end of the Lord; that the Lord is very pitiful, and of tender mercy.**



Endurance, which is another name for patience, and faith go hand in hand. I have often said "It is not how well you start, but how you finish that counts". Enduring faith pleases our Heavenly Father, because He knows that it does a mighty work within us! It is so easy to "give up" or to "drop out", or to "grow weary". It takes effort to continually walk in the Spirit once you have decided to follow Jesus. It requires a conscious effort to "count it all joy" in times of testing and trials, and not drop our lip, become discouraged or wallow in self pity! It takes effort to withstand the provoking and enticing of the devil, who tempts us to become despondent and throw in the towel. It takes effort to protect the love and peace in our hearts which Jesus came to give us and leave us according to John 14:27. The devil is always ready to steal our love, peace and joy, because he knows that in doing so, we will become discouraged and our faith and endurance comes under attack. That is his aim, because without faith we will not endure and without endurance we capitulate. The Bible tells us in 1 Pet. 1:5-9: **Who are kept by the power of God**

> **"As we exercise faith with patience during all the trials of the enemy in these end times, God is able to perfect us."**

(Continued on page 4)

(Continued from page. 3 - Enduring Faith)

through faith unto salvation ready to be revealed in the last time. Wherein ye greatly rejoice, though now for a season, if need be, ye are in heaviness through manifold temptations: That the trial of your faith, being much more precious than of gold that perisheth, though it be tried with fire, might be found unto praise and honour and glory at the appearing of Jesus Christ: Whom having not seen, ye love; in whom, though now ye see him not, yet believing, ye rejoice with joy unspeakable and full of glory: Receiving the end of your faith, even the salvation of your souls.

The result of our enduring faith is our final salvation when we see Jesus face to face. When we hear our Lord say "well done thou good and faithful servant, full of faith and endurance to the end." This is therefore the time to gird our loins and trust God for what to us seems impossible. Trust Him to heal that incurable disease, trust Him to save and change that wayward child, trust Him to restore that broken marriage and relationship that seems irreparable! Trust Him to save your business and protect your finance. When He returns let us be the ones on the earth in whom He will find faith and endurance. ☐



"The result of our enduring faith is our final salvation when we see Jesus face to face. When we hear our Lord say "well done thou good and faithful servant; full of faith and endurance to the end." This is the time to gird our loins and trust God for what to us seems"

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Oorwinlike Reuse)

gelaat. Dis onmoontlik om die land in te neem." Josua en Kaleb het egter onwrikbaar vasgestaan en laat ons kyk na Kaleb se beloning uit God se Hand wat Kaleb se geloof geëer het:

Maar my kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy VOLHARD het om My te volg – hom sal ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem. (Num. 14:24)

Vir 45 jaar het hierdie GELOOF, VERTROUE EN BEGEERTE in Kaleb gebrand. Hy was nou 85 jaar oud, maar steeds het hy intens verlang en hy was nog opgewasse om die reuse en die berg aan te val en dit in besit te neem.

'n Baie belangrike eienskap wat Kaleb se geloof gehad het was GEDULD – LANKMOEDIGHEID – LYDSAAMHEID. **Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou groot beloning in. VOLHARDING is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.** (Heb: 35 & 36) Onthou, wanneer jy God se belofte ontvang, is jy eintlik maar by die beginpunt: stap nr. 11. Nou kom die tyd van volharding wat 5 weke of 5 jaar kan wees – vir Kaleb was dit 45 jaar. In Heb. 10:36 sê God self dat ons VOLHARDING nodig het om die beloftes te ontvang.

Let op Heb. 6:12: … **sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur GELOOF en LANKMOEDIGHEID erfgename van die belofte is.**

Geloof is nie lankmoedigheid (geduld en volharding) nie, en lankmoedigheid is nie geloof nie, maar ALBEI is nodig om God se beloftes te ontvang. Dis wat die Bybel sê!

Net soos Kaleb het Abraham ook hierdie kwaliteit van volharding gehad om geduld te be-oefen om die beloftes van God te ontvang. Abraham moes 25 jaar wag tot die belofte van 'n erfgenaam vir hom en Sara bewaarheid is. Daar was geen passiwiteit wat gesê het: "O wel, wat ookal moet gebeur, sal seker maar gebeur." Nie. Nee, daar was GELOOF en VOLHARDING.

EK vergelyk graag die Christelike lewe met 'n maratonwedloop – daar is nou vir jou volharding en VASBYT nodig! Dis seer voete en krampe en dors en hartkloppings, maar dis net die wat VOLHARD, wat die wenstreep haal en die medalje kry. Die Christelike lewe is beslis 'n *ontberings-wedloop.*

Dis slegs sulke VASBERADENHEID soos wat 'n maratonhardloper het, wat jou 'n suksesvolle Christen gaan laat wees. Jou hele denkpatroon moet daarop gerig wees om die wenstreep te haal, afgesien van hoe lank dit neem.

Nog 'n kwaliteit wat Kaleb gehad het was dat hy OP DIE HERE GEWAG HET. Hoe weet ons dit? Lees eers Jos. 14:11: **Ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moses my uitgestuur het; soos my krag toe was, só is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan.**

Dit was 'n man van 85 wat só gepraat het – hy het kans gesien vir die bergland en die reuse! Dis asof hy vir Josua gesê het: "Maat, moenie dat my ouderdom jou mislei nie. Ek is 'n jong man, soos toe ek 40 was, in my gees en in my liggaam! Gee nou vir my die bergland!" Kaleb het nie net verwys na geestelike krag nie, maar ook na fisiese krag – 'n wonderwerk moes beslis in Kaleb se liggaam gebeur het. Die belofte van God het beslis vir 45 jaar in sy hart GELEWE en hy het glad nie omgegee hoe oud hy was nie, want hy het geweet die tyd het nou aangebreek dat hy moes in gaan en die berg IN BESIT NEEM. As Kaleb oorspronklik sy sin gehad het sou hy sekerlik al die berg en die vyand ingeneem het toe hy 40 jaar oud was, maar hy was gekeer deur die straf wat op die hele Israel gelê was waarvolgens hulle 40 jaar in die woestyn moes rondswerf.

Maar laat ons terugkeer na die aangrypende feit dat Kaleb op 85 jaar nog soveel krag gehad het soos op 40 jaar – wat was die geheim? **Jes. 40:30 en 31**: **Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs, Maar DIE WAT OP DIE HERE WAG, KRY NUWE KRAG; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.**

Ou lewenskrag omruil vir jong lewenskrag! Dis presies wat met Kaleb gebeur het, want hy was op 85 jaar só jonk soos 'n man van 40 jaar! Hoe dikwels hoor ons die volgende woorde: "My probleem is só groot en my kragte só min. Ek is só swak." Maar jy probeer in jou eie krag jou probleem oorwin, in plaas daarvan dat jy JOU KRAG OMRUIL vir GOD SE KRAG. Dis God se Krag wat oorwin – wat ons in staat stel om die berg in besit te neem. Dis God se Krag wat ons laat volhard om Sy beloftes in ons lewens te verwesenlik.

Maar hoe het Kaleb hierdie NUWE KRAG gekry? Ons het dit gelees: HY HET OP DIE HERE GEWAG (Jes. 40:31) Vir 45 jaar was God se belofte in Kaleb se hart – sy begeerte na Hebron het gegroei, en KALEB HET OP GOD GEWAG. Ek glo dat in al daardie jare het hy daardie beloftes oordink, hulle geslaap, hulle geëet, hulle gedrink. Al die jare het hy op God gewag en in die proses sy krag omgeruil vir God se Krag! Jy sien, geestelike krag affekteer jou liggaam. Genesing kom van binne,

(Vervolg op Bl. 6)

ons God van wonderwerke!

Ek groet julle in die naam van Jesus, die naam bo alle name, alle dank aan Hom vir Sy wonderlike werke en liefde. Baie dankie vir julle brief aan my, en Ps. 91:9-16 die hoop en vertroue wat ek baie nodig het, en kan voortgaan in vertroue op Hom. Ook baie dankie vir al julle gebede en liefde oor die jare. In 1990 was ons, my vrou Petro en dogter, Zelda, en ek by julle by die sentrum, en het dokter vir ons gebid vir genesing en herstel. Petro en Zelda het geleidelik herstel met my was dit 'n groot wonderwerk wat plaasgevind het, u het vir my rug gebid en my been wat korter was as die ander een, terwyl u gebid het. Het daar 'n warm salwing oor my gekom en het my been warm geword, begin wriemel en toe begin die been groei tussen my knie en enkel, en my rug by die kruis en heup been het 'n warm sirkel gevorm. Nadat dit gebeur op die verhoog, het my hande op gegaan en het ek my en onse Hemelse Vader geloof en geprys. Daarna het jy vir my gesê buig agter oor en buig af vorentoe, en ek het en daar was niks meer fout met my rug, tot vandag toe. Dit was die grootste en liefdevolste gebeurtenis in my lewe, wat ek nooit sal en kan vergeet nie. Watter groot en gedugte God dien ons nie, hoe wonderbaarlik is Sy weë en liefde. Baie dankie ook vir elke maand se nuusblad. Liefde groete

Mnr en Mev P Prigge, Waverley

Graag wil ek u meedeel dat die Here vir Rina Steenkamp wat ek voorbidding gevra het, volmaak gesond gemaak het van die kanker. Sy was deurtrek daarvan en volgens die dokters, het sy net 'n jaar gehad om te leef, en na ses maande, is sy gesond!! Ons loof en prys ons Hemelse Vader daarvoor!

Sus Lotz, Strand

Ek wil net getuig, gister met die ontvangs van jul brief kan ek net voel ek stap heeltemal normaal. Vandag, heeldag al stap ek so normaal soos altyd. My voet is genees!! Wat 'n groot geskenk om weer normaal te loop. O, ek besef elke dag dat die Here 'n werklikheid is en dat Hy ons gee wat ons in geloof vra. Ek het Hom bly dankie sê vir genesing voordat my voet gesond was, soos wat ons in die Woord geleer word om te doen. Baie dankie nogmaals. Liefdegroete in Christus Jesus

Mev L Barry, Robertson

Ons harte is so vreugde vir dit wat ons weereens saam met julle kon beleef toe ons nou onlangs 'n Sondag more saam met julle kon aanbid. Ons loof die Vader daarvoor. Ons het die werking van Jesus so beleef, die Here Jesus het my aangeraak en ek is volkome genees. Hallelujah!! Die brief aan die spesialis vir 'n operasie, sal hom nooit bereik nie, want my Jesus het my aangeraak en Sy soete Heilige Gees is so werklik in my. Ek loof enp rys Sy Heilige Naam dag vir dag!

Mev S Benade, Sinoville

Ons skoondogter, Vanessa, het vanaf haar jeug van dokters gehoor dat sy nooit kinders sou hê nie. Sy het onlangs haar hart aan die Here gegee, en haar groot laat doop. Weker later, het die wonderwerk gebeur, dat sy nou reeds 13 weke swanger is. Ons dank aan ons Hemelse Vader! Groete

Mnr en Mev Goosen, Linton Grange

I want to thank you all for your faithful prayers over the years, not so long ago I asked for Christo, who was in a bad state, prescription drugs, depression, living a life of deceitfulness, confusion, not serving God, no relationship with his dad, so much pain in his heart to deal with. Well, do we not serve an Awesome God. He never gave up on Christo, totally free from the things I mentioned. He now goes to church, does not take any drugs and sleeps without tablets, has no anxiety, fears or sleepless nights, God has provided employment, and he is so relaxed when I speak to him about God.

I want to thank you for your faithfulness over the past years, indeed God is blessing you and your team as you are a faithful servant. Thank you once again may God Bless you and your team with such abundance, we love you and do pray constantly that God will give you wisdom, knowledge and favour. God Bless!

Mrs Kruger, Panarama Park

Eerstens wil ek u almal 'n geseënde 2007 toewens. Ons sien uit na die koms van ons Koning Jesus, en wie weet of dit nie die jaar sal wees nie. Ek het geskakel i.v.m. my bors wat 'n klont gehad het en baie gevoelig was, asook oor Louise en Piet se huwelik.

Prys die Heer met blye galme, hul huwelik is herstel. Ons gee al die eer aan ons Jesus waarby niks onmoontlik is nie. Ek sien elke dag meer en meer Sy wonderlike grootheid en almag. Van my bors kan ek getuig, die liewe Heer het weer onderneem. Die gevoeligheid en swelsel het verdwyn en dit is alles te danke aan ons grootste geneesheer. Ook wil ek baie, baie dankie sê aan jul almal by die sentrum wat vir my gebid het. Ek is so dankbaar, want onse Heer gebruik jul as instrumente. Weereens baie dankie vir die goeie en getroue werk wat u almal doen. Ek glo dat u verder die seën van ons Heer sal ontvang. Baie liefde en groete.

Mev V de Lang, Pretoria Noord

Ek wil al die eer aan God my Vader gee van hierdie getuie. Ek byt my tong per ongeluk vas, baie seer, so groot 'n duif eier was die knop op my tong, ek kon niks eet of drink nie, dit was te seer en snaakse gevoel in die mond. Ek begin die maandblad van Februarie lees wat julle my gestuur het. Ek begin bely ek is reeds deur Jesus se wonde genees. Die Vader se woord is waar! Ek hou aan bely en gaan bad toe, toe ek terug kom in die kamer was die knop weg, en onmiddellik was die pyn ook weg!! Ek begin my Vader God te loof en prys!! Ek gee my God al die eer en lof!! Baie dankie vir al die jare se gebede en geduld met my en my familie, ons waardeer julle almal, maar aan ons God en Vader al die eer en verheerliking. Liefdegroete

Mev A Watermeyer, Volksrust

Baie dankie vir u gebede vir my seun Cornelius wat in Orlando woon, vir die verkoop van sy huis. Die Here het voorsien na 1 jaar en drie maande se vele teleurstellings is sy huis verkoop slegs 'n week na ek vir u gevra het om saam te bid. Al die eer aan die Here. My hart loop oor van dank as ek aan Sy goedheid dink.

Mev L van Tonder, Wierda Park

Op die 16de Februarie stuur ek 'n faks aan u om vir my te bid vir 'n hoër pos, waarvoor ek aansoek gedoen het. Op die 21ste Februarie 2007 was ek vir die onderhoud vir die pos. Op die 1ste Maart 2007 is ek ingelig dat ek die pos gekry het. Baie dankie vir u gebede, om op die Here te vertrou is beslis die moeite werd, en kan 'n mens net suksesvol wees. Alle eer en lof en dank kom Hom toe, vir wonderwerke wat Hy verrig. Vriendelike groete.

Mnr K Gerber, Oudtshoorn

Van more wil ek jubbel en juig en die naam van onse Vader verheerlik. Ek is van more so innig dankbaar vir Onse God wat gebede verhoor. Verlede jaar, so na die einde se kant, het ek vir u 'n faks gestuur en gevra vir voorbidding. Prys die Here in al sy grootheid, want hy het al ons behoeftes voorsien. My man het 'n nuwe pos gekry in Oshakati, my oudste seun het ook 'n werk gekry en sal in Walvisbaai agterbly, ons huis is verkoop en ons is in die proses om 'n nuwe motor te koop. Alle eer aan God wat ons gebede verhoor het. Ek besef ook opnuut hoe groot en magtig onse Vader is! All I can say is that our God is an awesome God. And I want to thank him for a wonderful family at the centre. Praise God!!

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Oorwinlike reuse...)
van jou gees af. Die Bybel sê dat dieselfde Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, sal ook ons sterflike liggame LEWEND maak! (Heb. 8:11)

Ons kan dus beslis aanneem dat fisiese krag kom deur op God te wag. Dis wat Kaleb gedoen het vir 45 jaar – HOE LANK WAG JY OP DIE HERE? Wonder jy dus waarom jy op 'n vroeë leeftyd nie meer die krag het om langer God se beloftes te BEGEER en te VOLHARD nie!

Ons wil mos alles NOU hê! Ons lewe in die eeu van die knoppie: die koffie-masjien, die kaart by die bank, die komper: ons wil net knoppies druk en alles gebeur *outomaties.* So word ons gemoed geaffekteer, en ons wil nie meer tyd neem om TE WAG OP DIE HERE nie - ons het net nie tyd nie! Ons wil hê God moet deel word van ons outomatiese eeu waar daar nie tyd is vir WAG nie. Onthou een belangrike feit. Die vyand sal enige iets doen sodat die beloftes van God nie in jou lewe bewaarheid word nie. Hy sal die berg beset en vir jou die groot reuse wys en



jy sal moedeloos word en kyk na jou eie krag en nooit jou erfenis in besit neem nie! Kaleb het die geheim geken: hy het op God gewag en het NIKS hom van stryk laat bring nie. Jy sal fisiese krag nodig hê om JOU berg in besit te neem, en jy sal slegs jou krag kan omruil vir God se krag wat die reuse taak sal kan uitvoer, as JY OP HOM WAG.

Jes. 40 sê dat die wat op die Here wag *bonatuurlike* krag sal ontvang: hulle sal opvaar met vleuels soos die van arende, hulle sal hardloop en nie moeg word nie; hulle sal wandel en nie mat word nie. M.a.w. die krag om te oorwin sal daar wees. Het jy ooit al gelet op wat Heb. 11:11 sê van Sara, ou vader Abraham se vrou?

Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.

Sara was oor die honderd jaar oud toe sy bevrug geraak het en Isak gebaar het. Haar natuurlike liggaam was lankal nie meer in staat tot hierdie prosesse nie: sy het 'n wonderwerk nodig gehad! **Deur die geloof het Sara self ook KRAG ontvang om bevrug te word....** Dink hoeveel fisiese krag het 'n vrou se liggaam nodig om 'n kind vir 9 maande te dra en te voed, en dan te baar! Sara kon dit net doen deur Goddelike energie, wat sy ontvang het deurdat *sy op die Here gewag het!* Vir ongeveer 25 jaar moes sy en Abraham WAG dat God se belofte van 'n erfgenaam sou manifesteer. Hulle het BEGEER, hulle het VOLHARD, hulle het GEWAG, en God het die wonderwerk laat gebeur!

As JY daardie wonderwerk wil belewe, daardie BERG wil neem, daardie REUSE wil verdryf, sal JY op die Here moet wag: die kortpaaie is doodloopstrate!

Maar ek wil vir jou nog iets vertel van Kaleb. Dit staan in Jos. 14:8: **. . . . terwyl ek VOLGEHOU het om die Here my God te volg**. Omdat hy die Here HEELTEMAL gevolg het, het Kaleb HEELTEMAL oorwinning gehad! M.a.w. Kaleb was geheel-en-al aan God toegewy en oorgegee. Hy was heeltemal toegewy aan God se beloftes. Hy het nie verdeelde begeertes of verdeelde doelstellings gehad nie. Ongelukkig is daar in ons tyd baie, baie Christene wat verdeelde harte het. Dawid het uitgeroep: **. . . . VERENIG my hart tot die vrees van U Naam** (Ps. 86:11)

Hy het geweet dat hy nie die Here kan dien met 'n *verdeelde* hart nie. Tog loop ons rond met verdeelde harte: ons wil God en Sy beloftes hê, maar ook darem nog van die wêreld. Ons begeerte is na God, maar ook na mense en hulle wense, al is dit teenstrydig met God se Woord. Só was Kaleb nie. Hy was ONVERDEELD oor die dinge van die Here: Hy het blindelings GEGLO wat God belowe het en die Woord van die Here was nommer een in sy lewe: GEHOORSAAMHEID daaraan Dis die plek waar JY sal moet kom as jy jou berg wil in besit neem!

Reeds in Num 13:30 het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: **Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.**

Kaleb het God VOLKOME vertrou vir oorwinning. Sy Hart was ONVERDEELD op God, van die begin af. Daarom het God aan hom belowe: **My kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg – hom sal Ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem. (Num. 14:24)**

'n Belangrike aspek van Kaleb se ONVERDEELDE navolging van die Here, is dat hy dit ook laat blyk het DEUR DIE WOORDE VAN SY MOND. As jy let op Num. 13:30, Num. 14:7, 8 en 9, en Jos. 14:6 tot 12 sal jy merk dat Kaleb elke keer dit gesê het wat God wou gehad het dat hy moet sê. Hy het deurgaans positief, opbouend en bemoedigend gepraat en só sy geloof bely wat oor die jare stand gehou het. Hy het nie vir een oomblik geweifel nie. Toe al die ander om hom begin twyfel het en negatiewe dinge kwyt raak, was Kaleb se woorde steeds in lyn met die Woord van God. Waarom? OMDAT SY HART ONVERDEELD TOEGEWY WAS AAN DIE WOORD VAN GOD. Hy het net bloot *geglo* wat God gesê het. Dis só eenvoudig, maar tog sukkel selfs Christene daarmee. Nou staan die saak so: **of** wat God sê is die waarheid, **of** Hy is 'n leuenaar. **Of** Hy bedoel wat Hy sê, **of** Hy praat uit twee monde.

Deur Sy Wonde is ons genees: dis of die WAARHEID, óf dis LEUENS. Daar is nie 'n middelpad nie: dis nie soms waar en soms leuens nie! Ons moet by die plek van onwrikbare oortuiging kom waar ons kan sê: "Ek ken die karakter van God: Hy is nie 'n mens dat Hy kan lieg nie. Ek glo Sy beloftes ongeag wat alles om my vir my sê: ongeag my verstand, omstandighede, vriende. Ek kan God se beloftes glo want ek WEET God kan nie lieg nie."

Kaleb het 'n intieme omgang met God gehad en daarom het hy God se karakter geken – hy het dus nooit aan God se beloftes getwyfel nie. Dis wanneer JY intieme omgang met God het, Sy karakter ken, wat jy met vrymoedigheid Sy beloftes in jou hart neem en op jou lippe plaas, al lyk dinge om jou só verkeerd. Dan kyk jy weg van die berg, die reuse en jy sien God, en Sy Woord is vir jou die onomstootlike WAARHEID.

Ek weet jy het al baie gelees oor die woorde van jou mond en watter mag dit in jou lewe het, maar ons moet vir eens en vir altyd besef dat ons 'n keuse het i.v.m. die woord van ons mond: Die oomblik wat ons woorde spreek wat nie saamstem met God se Woorde nie, is ons in ooreenstemming met die duiwel. Wanneer ons in ooreenstemming is met God, kan Hy werk in ons omstandighede.

Let op Kaleb. Alhoewel hy 85 jaar oud was en fisies kragteloos was om die berg te beset en die reuse te verjaag het sy woorde steeds in ooreenstemming gebly met God, selfs al het almal die teenoorgestelde gesê. Hy het só gepraat toe hy 40 was en nooit van hierdie belydenis afgewyk nie en uiteindelik kon hy die berg Hebron sy eie maak.

Belydenis (confession of faith) se betekenis is eenvoudig. Dis bloot om "dieselfde te sê." As jy genesing, voorspoed, vrede, vreugde, oorwinning, vrymaking, of sukses wil ondervind, Sê DIESELFDE AS WAT GOD Sê. Bly by die Woord al is jy hoe swak, al het hy baie kere misluk. Volg Hom VOLKOME en jy gaan 'n VOLKOME oorwinning hê. Dis tog wat die beloftes van God sê, en wat waar was vir Kaleb, is waar vir JOU – God verander nooit! Sy beginsels verander nooit.

God se opdragte is net so belangrik. Bely jou sondes en vergewe onvoorwaardelik. ☐

Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs, Maar DIE WAT OP DIE HERE WAG, KRY NUWE KRAG; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie. Jes. 40:30 en 31

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Getuienisse)

Mrs M Oosthuizen, Walvis Bay

Ek wil graag my getuienis gee om dankie te sê aan my Here, Jesus Christus. Ek het sonsteek opgedoen en was siek het geweldig hoofpyn. My wonderlike man het ernstig vir my gepleit by God om genesing, ook deur die magte. Baie, baie dankie ook vir julle getroue gebede. My wonderlike Here het my aangeraak en genees sonder dat ek enige medikasie gebruik het. Ons dien 'n almagtige God van wonderwerke wat haar as ons in opregtheid na Hom uitroep in ons nood. Loof Sy Grote Naam!

Mev T van Deventer, Nelspruit

Hiermee wil ek u graag groet in die wonderlike naam van onse Here Jesus vir die groot genade asook voorreg om 2007 te kan ervaar met al sy skoonheid van die natuur. Dit is 'n baie bly gevoel. Dr James ek het verlede jar geskryf ivm. die rooklus. Met u gebede is ek verlos daarvan!! Ek prys en loof ons Hemelse Vader daarvoor. Ek het u ook gevra vir voorbidding, aangesien my man werkloos was. Ek wil vir u baie dankie sê, laat in verlede jaar het my man werk gekry!! Met baie danksegging.

Mev K Muller, Beaufort Wes

Liewe Dr James, Meg en Personeel,

Liewe Bloedgewaste kinders van die Here. Ek groet u in die wonderbare lieflike Naam van die Here Jesus. Hy wat dit moontlik gemaak het dat ons kan uitroep Abba Vader.

Al lof, eer en dank aan ons Here Jesus Christus wat vir ons aan die kruis gesterf het, en al ons sonde, ongeregtigheid en siekte op Hom geneem het. Van Middag dank ek God wat gesê het "Ek is die God wat jou genees, en toe kom Jesaja toe Hy sê: "Deur Sy wonde het daar genesing gekom. Baie dankie dat u intree en voorbidding doen vir al die versoeke wat u ontvang en ook u bemoedig dat ons moet glo en vertrou. Ek het vroeg in verlede jaar gevra dat u sal intree en saam bid aan ons God wat sê: "Roep my aan in tyd van nood en Ek sal jul beantwoord." Dokter ons het gevra dat u saam met ons bid omdat die meeste mense wat in Parow woonagtig was hulle geld vir hulle gronde ontvang het. Ons het 'n groot erf gehad en daar was 'n dispute met die uitbetaling. Ek sê dankie, ons dien 'n God van onmoontlike. Hy wat sê: "Ek sal in jou behoefte voorsien." Die kantore hier het papiere gestuur hoeveel hulle sal gee, maar hierdie God wat ons dien werk op Sy eie manier. Johannesburg het die vorms terug gestuur en die geld wat moes uitbetaal word was veel meer. Hy het geantwoord op die gebede!! Ek getuig vanmiddag ons aanbid 'n Grote en Getroue God. Ons gee Hom al die eer en aanbidding van ons harte. Ons bid vir die Stanger Christelike Sentrum dat al die seëninge van die Heilige Gees op julle sal toesak.

Mev G George, Elsiesrivier

Ek groet u in die wonderlike naam van ons Koning Jesus Christus. Eerstens wil ek u bedank vir u opreg te gebede vir my. Ek is volkome genees, ons dien 'n wonderbaarlike Hemelse Vader! Ek loof en prys Koning Jesus!! Baie dankie vir die Geloof in die Woord wat ek gereeld ontvang. Ek groet u weereens in Koning Jesus se Heilige Naam. Mag Sy Heilige krag u steeds versterk. Met seënwense.

Mev M Smith, Amersfoort

Dierbare Dr James, Meg en almal by die sentrum,

Ek groet in die lieflike naam van Jesus. Ek het u gevra om vir my te bid, ek het 2004 'n drie dubbele hart omlyning gehad. My bloed druk het geval en ek het long ontsteking gehad en net daarna het ek 'n beroerte gehad wat my verlam het aan my linker kant. Prys die Here, ek kan nou al baie doen waar ek nie kon gepraat het nie. Jesus het my aangeraak, en ek loop, doen amper alles.

Ek het u ook gevra om asseblief vir my seun te bid, hy het nog nooit 'n kind van sy eie gehad nie. Prys die Here, hy word nou in April maand 'n Pa. Dankie Jesus!! Hy is in die wolke en prys die Vader wat hom aangeraak het.

Liefde in Jesus.

Mev M Davison, Elsburg



Geliefdes,

Groete in die wonderlike Naam van Jesus!!

Dit is met dankbare harte dat ons, ons Hemelse Vader loof vir Sy getrouheid en voorsiening oor al die jare van ons bediening. Julle sal nooit besef wat julle ondersteuning vir die Here se werk vanaf Stanger beteken nie, wat ons in staat stel om die Waarheid van God se Woord in die pragtige land, Suid Afrika, (en oor ons grense) na 'n verlore mensdom met al hulle behoeftes die Here se beloftes te kan deel nie. As julle net die geleentheid gehad het om ons daagliks se pos met ons te deel en te sien wat 'n behoefte en nood in ons samelewing bestaan, en dan die vreugde wat volg wanneer hulle deur die Waarheid vrygemaak word, dan kan ons besef wat die liefde, gebede en ondersteuning deur mense soos julle vir God se Koninkryk beteken.

Die Here seën julle baie ryklik vir julle barmhartigheid teenoor die mensies daar buite. Dit is net ons Hemelse Vader wat julle kan beloon eendag in die hemel daarvoor. Hy sien die grootheid van julle hart en die liefde vir Sy werk. Baie, baie dankie!!!

Dit is alweer tyd om papier te koop vir ons drukkery. Die Here het dit vir ons moontlik gemaak om die papier direk van SAPPI teen 'n goeie prys te kan aankoop, en ons jubbel en juig, want weereens besef ons dat ons Hemelse Vader weet wat ons nodig het nog voordat ons vra!! Ons loof en prys Sy grote Naam vir julle, wat Sy goddelike werk op julle hart dra. HALLELUJA!! PRYS SY GROTE NAAM!!

Ons wil julle verseker van ons waardering en dankbaarheid en liefde vir julle voortdurende ondersteuning in alle opsigte.

Mag die Here julle ryklik seën vir julle getrouheid en standvastigheid in julle liefde vir Hom en vir ons.

..... ***Ek stel die Here altyddeur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie. Ps 16:8***

Wees verseker van ons voorbidding en liefde altyd vir julle.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

Dr James

BELANGRIK

Ons vra groot asseblief julle samewerking met betrekking tot jul gebedsversoeke per faks. Beperk asb. julle versoek tot EEN bladsy, wat net EENKEER gestuur hoef te word. Ons het bladsye gedupliseerde fakse ontvang, wat soms selfs drie tot vier keer deur gefaks is en 'n geweldige klomp papier word dus vermors. Ons waardeer julle liefde en begrip in hierdie saak.

"Bly by die Woord al is jy hoe swak, al het hy baie kere misluk. Volg Hom VOLKOME en jy gaan 'n VOLKOME oorwinning hê. Dis tog wat die beloftes van God sê, en wat waar was vir Kaleb, is waar vir JOU – God verander nooit!"

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede:
Eerste Nasionale Bank,
Rek No: 53730091667, Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

THE FOLLOWING ARE NOW AVAILABLE ON DVD FORMAT

Transposed from video to DVD—not the best quality, but well worth watching:

P1. ***Healing meeting Pretoria***—1983, English and Afrikaans

P2. ***Healing meeting JHB***—1983, English and Afrikaans

P3. ***Genesingsdiens by die Sentrum***—1986, Afrikaans

P4. ***Dr James se persoonlike getuienis***—1983, Pretoria

P5. ***God se Woord is Sy Wil***—1983, Pretoria

P6. ***Why Religion does not work***—1997, English—Hillcrest

Current DVDs available:

C1. ***Am I really saved?*** - December 2006, Dr van Zyl (English)

C2. ***Who do you say I am?*** Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C3. ***Jesus the Light of the world***—Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C4. ***Christ in you the hope of Glory***—Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C5. ***The Heart of the Gospel***—Dec 2006,

DVD'S R 40-00 EACH